**KOMMANDANT-GENERAAL**

# HENDRIK POTGIETER

**deur**

**Dr. CAREL POTGIETER**
**N. H. THEUNISSEN**

*met tekenings deur*
*RENÉ SHAPSHAK*

# *Voorwoord*

*Toe ek 'n jong seun was, het ek my Vader, komdt. Piet Potgieter, voorheen burgemeester van Pretoria, beloof om eendag 'n boek te skryf oor die lewe van my Grootjie, genl. Hendrik Potgieter. En omrede van hierdie opdrag, het my Vader my toegelig omtrent die lewensgeskiedenis van my Grootjie. So is bv. die beskrywing van die slag van Italeni aan my oorgedra.*

*In hierdie boek word dus gepoog om ook die oorlewering in die Potgieter-familie, getoets* aan *Argiefstukke* en *geskiedenis, aan die volk weer te gee.*

*Oud-landdros Dietlof Maré van Soutpansberg, my grootvader aan moederskant, was 'n susterskind van genl. Andries Pretorius. 'n Ander ouma van my Moeder was Maria Magdalena Kruger, een van die geleerdste vroue met die Natalse trek. Van my Moeder kon ek dus ook baie nuttige hulp en wenke omtrent die Voortrek-geskiedenis ontvang.*

*Hierdie boekwerk het sy onmiddellike ontstaan te danke aan die ywer en voorsorg van my broer, mnr. Dietlof Potgieter, van Louis Trichardt. Die manuskrip van en verklarings geneem deur wyle mnr. A. J. van der Walt, van Potchefstroom, is deur sy weduwee aan my broer oorhandig. Ons het insage daarvan gehad. Hoewel die manuskrip nie gepas het in die bestek van hierdie boek in sy teenswoordige*

vorm nie, was die grondige werk van mnr. Van der Walt en sy idealisme vir ons besielend. Ons beskou graag hierdie boek as die verwesenliking van die taak wat hy hom gestel het. Ongelukkig ook was my broer te vêr weg om gereelde onderlinge oorlegpleging moontlik te maak. Alleen om dié rede is hy nie medeskrywer van hierdie boek nie. Ons sien vooruit na 'n bewerking, vir skoolgebruik, van die lewe van Hendrik Potgieter wat, na gehoop word, binne afsienbare tyd van sy pen sal verskyn.

Dank is veral ook verskuldig aan mnr. Herman R. Lemmer, onderwyser van Potgietersrust. Mnr. Lemmer het, van sy tiende jaar af, verklarings van ons oumense opgeteken. Hy het opgegroei in die Marico-distrik, en in die Potgieter-tradisie. Sy ruime feitekennis het hy tot ons beskikking gestel. Die letters „H.R.L." in voetnote het betrekking op hom. Die beskrywing van die Kapain-veldtag is in oorleg met hom gedoen.

So kom ek dan by my ou vriend, mnr. N. H. (Skaap) Theunissen. Graag bedank ek hom vir sy getroue hulp en sy ywer. 'n Twee jaar gelede, toe ek met die boek wou begin, het ek hom eendag terloops getref. „Skapie," sê ek, „ek is nou besig met 'n boek oor Hendrik Potgieter, wil jy my nie daarmee help nie?" Sy antwoord was tipies. „Carel, ek sal jou help omdat dit jy is, maar ek sê jou vooraf, ek dink niks van Potgieter nie, – jy hoef ook nie eens my naam te noem nie." En so het ons aan werk gegaan en, al gaande, het voor ons die grootse karakter en werk van Hendrik Potgieter, ontvou. Later kon mnr. Theunissen my vertel hoedat die vooroordeel waarmee hy die werk begin het, in

*bewondering vir die Baanbreker oorgeslaan het. Dis 'n bron van voldoening vir my dat sy naam nou, naas myne, as skrywer verskyn. Trouens mnr. Theunissen het 'n volle aandeel aan die werk geneem.*

*Aan mnr. P. H. S. van Zyl, van die Vaderland-redaksie, betuig ons waardering en dank vir sy hulp met die nasien van die manuskrip.*

*Dr. Beyers en ander amptenare van die Transvaalse Argief, het ons, met vriendelike voorkomendheid, tydig en ontydig, bygestaan. Om begrypbare redes het ons al die argiefstukke in hul Afrikaanse vertaling, weergegee.*

*Mnr. Ronald Snyman, van die Tegniese Kollege, het 'n reis na die Vrystaat gemaak en ons gewaardeerde hulp verleen by die vasstelling van die juiste plek van die Vaalrivierslag. Ons bedank ook die here Dewald Steyn van Breyten, M. (Klein Martiens) Prinsloo van Parys, en J. Borman van Zeerust, vir gewaardeerde inligtings.*

*Nou is die boek geskryl. Ons werk is afgedaan. As ons, deur hierdie boekwerk, geslaag het om 'n held aan die Afrikanervolk en die nageslag terug te gee, dan is dit voldoende beloning.*

*In liefde wil ek hierdie boekwerk opdra aan my vrou vir die geduld waarmee sy my bygestaan het. Haar vrouelike kritiek by die samestelling van hierdie boekwerk, was vir my van onberekenbare waarde.*

CAREL POTGIETER.

*Johannesburg.*
*24 Maart 1938.*

# Inhoud


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| | Voorwoord | 5 |
| I. | Die Potgieter-voorgeskiedenis | 11 |
| II. | Die Trekgedagte | 17 |
| III. | Hendrik Potgieter | 23 |
| IV. | Die Begin van die Groot Trek | 29 |
| V. | Die Opkoms van die Matabeli | 43 |
| VI. | Die Vaalrivierslag (25 Augustus 1836) en die Liebenberg-moorde | 51 |
| VII. | Vegkop, 16 Oktober 1836 | 59 |
| VIII. | Mosegaslag, 17 Januarie 1837 | 68 |
| IX. | Die Kapain- of Marikwaslag aan die Poorte van die Groot-Marico | 79 |
| X. | Uitdraaipaaie — Die Italenislag | 96 |
| XI. | Sir George Napier en die Emigrante | 107 |
| XII. | Potchefstroom | 114 |
| XIII. | Verhouding tot Natal | 119 |
| XIV. | Potgieter By Magaliesberg | 133 |
| XV. | Andries-Ohrigstad | 145 |
| XVI. | Onenigheid | 160 |
| XVII. | Die End van Ohrigstad | 172 |
| XVIII. | Transvaal Onafhanklik | 185 |
| XIX. | Soutpansberg | 203 |
| XX. | Saamhorigheid | 213 |
| XXI. | Die Sandrivier-traktaat—Vrede in Transvaal | 230 |
| XXII. | Bedrywig tot die Einde Toe | 246 |
| Bibliografie | | 265 |
| Datums | | 267 |
| Bladwyser | | 269 |


## TEKENINGE


| | Bladsy |
|---|---|
| Generaal Hendrik Potgieter | 22 |
| Suid-Afrika in 1836 | 36 |
| 'n Matabeli-vegkaffer | 42 |
| Die Terrein van die Eerste Matabeli-veldslae | 50 |
| Die Marico-terrein | 80 |
| Die Eerste Boere-Republiek | 120 |
| Mevrou M. M. Kruger | 190 |
| Mevrou Johanna Maré | 266 |
| Kommandant Pieter Potgieter | 212 |
| Versoening van die Volksleiers | 242 |